

Digitale vaardighede verander kinders in plaasskole se lewens en toekoms

Pauline Hanekom*

In die tyd vóór COVID-19 het geletterdheid hoofsaaklik na lees- en skryfvaardighede verwys. Die COVID-19-pandemie en die gevolglike behoefte aan afstandsonderrig het egter beklemtoon hoe uiters belangrik digitale vaardighede vir leerders en studente is om sukses te behaal. Hierdie vaardighede is ook onontbeerlik in 'n digitaal-omvormde werksomgewing en samelewing. Dit is dus nie verbasend dat hierdie vaardighede nou as deel van die 21ste eeu se geletterdheidsvaardighede beskou word nie. Net soos tradisionele geletterdheidsvaardighede eintlik van 'n baie jong ouderdom af al aangeleer moet word om vlotheid te verseker, moet leerders ook van so vroeg as moontlik af met digitale vaardighede toegerus word.

Die ware vraag is: Hoe kan ons dit bereik in 'n land wat so baie verskillende uitdagings gelyktydig moet hanteer? Ter viering van 2021 se Internasionale Geletterdheidsdag (8 September), wil ek graag op 'n intervensie in die Breederiviervallei naby Worcester in die Wes-Kaap fokus waar plaaswerkers se kinders digitale vaardighede in skole geleer word.

Die idee van die aanleer van digitale vaardighede was waarskynlik baie ver verwyder van die geleefde ervarings van hierdie kinders. 'n Opvoedkundige befondsingstrust, die Universiteit Stellenbosch (US) se Sentrum vir Pedagogie (SUNCEP) en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement het hul kragte saamgesnoer om die onmoontlike te vermag. Die drie entiteite het al in 2016 ooreengekom om 'n LitNum-naaf vir die ses baie uiteenlopende Breederivier-laerskole te vestig. Die doel was om die kinders se geletterdheids- en syfervaardighede binne hierdie onderwyskluster te versterk. SUNCEP was vir die aanbied van die aanvullende opvoedkundige program verantwoordelik. Die formaat het hoofsaaklik uit tutorskap van aangesig tot aangesig bestaan, maar virtuele klassie moes vinnig ingesluit word vir meer skakeling met die leerders. Deur tegnologie vir onderrig en leer by te voeg, het die LitNum-naaf die Breede Digi-kluster geword.

Toe die grendeltyd in 2020 kontakssessies onmoontlik gemaak het, moes die SUNCEP-span 'n ander manier vind om die ondersteuning aan leerders in landelik, en hoofsaaklik Afrikaanssprekende gebiede voort te sit. Die bestuurder van die program, Danelda van Graan, het besef die leerders sou digitale toestelle en e-leer-materiaal benodig wat gepas was vir hul konteks. Hul onderwysers moes ook toegerus word met die nodige digitale pedagogiese vaardighede. Die Breede Digi-kluster het dus van rat verwissel in 'n poging om die digitale skeiding te vernou, terwyl hulle terselfdertyd ook geletterdheid- en syfervaardighede bevorder het.

Gegewe die sukses wat in die Breederiviervallei behaal is, kan hierdie intervensie na ander landelike gebiede in Suid-Afrika uitgebrei word? Beslis! Indien meer private maatskappye of trusts bereid sal wees om hul korporatiewe maatskaplike verantwoordelikhedsgeld in soortgelyke projekte te belê, kan hierdie model beslis nasionaal ontplooi word. Deur landelike Digi-klusters te skep, ontstaan die moontlikheid om Digi-netwerkskole landwyd te skep. Dit sal aan elke kind – en nie net die bevoorregte paar nie – die geleentheid bied om deeglike geletterdheids- en digitale vaardighede op te doen. Indien jy 'n korporatiewe maatskaplike beleggingsbestuurder is wat hierdie artikel lees, hier is jou geleentheid om te help om ware verandering in Suid-Afrika mee te bring. Help ons om 'n samelewing te skep wat digitaal geletterd is vir die 21ste eeu en verder.

Lees [hier](#) verder wat ***Dr Pauline Hanekom, koördineerder vir inligting- en kommunikasietegnologie by die Universiteit Stellenbosch se Sentrum vir Pedagogie (SUNCEP) en deeltydse dosent in Praktiese Leer in die departement Kurrikulumstudie**, oor die kwessie te sê het.